



WETENSKAPLIKE BYDRAES VAN DIE PU VIR CHO

Reeks H: Intreerede nr. 117

**MENSLIKE BEWEGINGSKUNDE
BINNE DIE RAAMWERK VAN 'N
GERASIONALISEERDE
AKADEMIESE STRUKTUUR**

T.S.P. van der Walt

Intreerede op 19 Augustus 1988

Departement Sentrale Publikasies
Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys
Potchefstroom
1989

Die Universiteit is nie aanspreeklik vir menings in die publikasies uitgespreek nie.

Navrae in verband met die *Wetenskaplike Bydraes* moet gerig word aan:

**Die Direkteur
Departement Sentrale Publikasies
Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys
2520 POTCHEFSTROOM Suid-Afrika**

© 1989

ISBN 1 86822 022 2

MENSLIKE BEWEGINGSKUNDE BINNE DIE RAAMWERK VAN 'N GERASIONALISEERDE AKADEMIESE STRUKTUUR

Om u aandag te vestig op Menslike Bewegingskunde in die opset van rasionalisasie wat ons tans aan alle universiteite beleef, is maar deel van die taak waartoe ons in hierdie tyd geroep is. Soos universiteite hulle weer moes verantwoord oor hul taak, moet die vakkomponente dieselfde doen en hulle toets of hul aan die eise beantwoord, te meer aan 'n universiteit wat nie net by naam nie maar by sy van geken kan word. Om dus te evalueer, saam te kyk na die mate waarin iets aan sy doel beantwoord, is wat ek van u vra. Op hierdie wyse hoop ek om aan die versoek wat om redes soos hierdie gerig is, te voldoen, naamlik om die taak van die betrokke vakgebied te bekyk en wel hoe aan hierdie besondere universiteit daaraan aandag gegee word.

Dit sal dan nodig wees om enkele aspekte van rasionalisasie van die universiteitswese nader te bekyk. Ook tendense wat 'n invloed uitoefen en moontlik tot veranderinge dwing, sal aangetoon moet word.

1 TER INLEIDING

My dank aan prof. Gouws vir die agtergrond wat hy reeds oor die Departement Menslike Bewegingskunde verskaf het. Ter wille van die onderwerp is dit egter nodig dat ek breër historiese lyne oor Menslike Bewegingskunde in Suid-Afrika vir u vooraf skets.

Die vak, steeds beter bekend as Liggaamlike Opvoedkunde, het nie die sterk tradisionele akademiese bande waarop vakke soos Wiskunde, Filosofie, die Ou Tale en so meer, as universiteitsdissiplines aanspraak kan maak nie. Die korrektheid van hierdie stelling kan egter bevraagteken word as die verwysings na die vak in die werke van opvoedkundiges soos Da Feltre en Mercurialis (Van Dalen & Bennett, 1971:125) in die dertiende en veertiende eeu in berekening gebring word.

Wanneer die ontwikkeling van Menslike Bewegingskunde nagevors word, word inderdaad gesien dat dit die vak se opvoedkundige waardes is wat tot sy vestiging binne die universiteitsmilieu aanleiding gee. Dit is dan ook op hierdie wyse dat Menslike Bewegingskunde aan univer-

siteite in Suid-Afrika staanplek verkry. By die dokumentering van die gegewens oor die ontwikkeling van die Liggaamlike Opvoedkunde in Suid-Afrika onderskei De Klerk (1986) vier tydperke. In elkeen daarvan is dit die opvoedkundige aspek wat tiperend is. Die tydperk 1900–1935 word as beginjare beskou binne sowel die *onderwys* as die verdedigingsmag; die tydperk 1936–1949 word getipeer deur 'n opbloeï in opleiding van *onderwysers* en instrueteurs; die tydperk 1950–1971 word gekenmerk deur die verskaffing en verbetering van leerplanne en die belangstelling in navorsing op dié gebied, en die tydperk van 1972 word gekenmerk deur die in werking treding van 'n nasionale kërnsillabus vir *skole*, 'n verbreding van studieterreine op *universiteitsvlak* en die bydrae van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Liggaamlike Opvoedkunde en Rekreasie tot die ontwikkeling van die vak (aldus De Klerk).

(Daar kan met stellige sekerheid verwag word dat toekomstige geskiedskrywers die tydperk 1972–1982, soos deur De Klerk gestel, sal verleng tot 1985. Die jaar 1986 lui die era in waarin die term Liggaamlike Opvoedkunde vervang word deur Menslike Bewegingskunde. Dit is ook die jaar waarin implikasies van die SANSO-ri glyne werklik onder die aandag van die vakbeoefenaars kom.)

Die struktuur waarbinne die vak hom aan die onderskeie universiteite in die RSA bevind, moet begripsonthalwe ook vir die buitestaander genoem word.

Menslike Bewegingskunde of “Human Movement Science/Studies” word tans aan vier Swart, agt Blanke, een Indiër- en een Kleurlinguniversiteit as vak met die oog op 'n drie- of vierjarige graad aangebied. Die fakulteit waaronder die vak administratief ressorteer, verskil van universiteit tot universiteit en kan wees Opvoedkunde, Lettere en Wysbegeerte of Natuurwetenskappe. In al die gevalle is dit selfstandige departemente behalwe een waar dit 'n subdepartement is. In alle gevalle word die vak ook as “metodiekvak” met die oog op die onderwys en die verwerwing van 'n onderwysdiploma aangebied.

By een universiteit word, sonder dat die vak op voorgraadse vlak aangebied word, 'n nagraadse kursus met die oog op die verwerwing van 'n nagraadse onderwysdiploma aangebied. Die inhoude van die kursus plaas die hoofklem op biokinetiese aspekte, meld nie bestudering van enige sillabusinhoudede gedurende die kursus nie en laat die indruk, volgens die uiteensetting van die kursus per omsendbrief, dat die onderwyskomponent slegs proefonderwys behels.

Bogenoemde gee reeds aan u deur dat daar binne die vakgeledere, of dan universiteitsgeledere, verskille heers. Die verskille spruit waarskynlik uit die feit voort dat Menslike Bewegingskunde vanuit die Opvoedkunde gegroei het en, waar die vak nou in die meeste gevalle sy eenduidige opvoedingsmissie ontgroei het, ontstaan die verskille moontlik weens die filosofiese raamwerk wat gegeld het toe herbesluit moes word oor die nuwe missie en/of nuwe fakulteit waar die vak nou moet tuishoort. Aan ons eie universiteit is dit ook so ervaar. By oorweging van die instelling van die vak as tweejarige hoofvak aan die PU vir CHO het die vak tot in daardie stadium onder die Fakulteit Opvoedkunde geressorteer (Du Plessis, 1970:5). Tot in daardie stadium was dit 'n verpligte vak vir UOD-studente (Du Plessis, 1970:2). Die Universiteit van Suid-Afrika erken egter die vak net as hoofvak vir die B.Sc.-graad, en verdere onderhandelings moes aangeknoop word om dit ook vir B.A. erken te kry (Du Plessis 1970:6). Later word 'n leerplan goedgekeur vir die instelling van 'n B.P.Ed.-graad (Du Plessis, 1970:7).

Dieselfde patroon is by die vestiging van die vak in die veertigerjare aan die universiteite gevolg (De Klerk, 1986). Vandag blyk dit egter dat Opvoedkunde in vele gevalle slegs die surrogaatmoeder was. Die toekomst sal die vak waarskynlik in die meerderheid gevalle by ander fakulteite sien en, rasionalisasie ten spyt (of dalk juis dáárom), opnuut by ander nog te stigte fakulteite wat moontlik Menswetenskappe of Kinetetiese Wetenskappe kan heet.

Die stelling wat so pas gemaak is, mag vergesog klink, maar voordat dit so beoordeel word, moet verskuiwings wat reeds in die samelewingstruktuur plaasgevind het of nog verwag word, deeglik beoordeel word.

Demografiese faktore, ekonomiese faktore, verandering in lewens- en belangstellingspatrone is voorbeelde van agente wat 'n invloed op nie net Menslike Bewegingskunde nie maar die universiteitswese in die breë kan hê. Ek vra u aandag dan kortliks hiervoor.

2 VERANDERINGE WAT DIE UNIVERSITEITSWESE BELEEF

'n Uitvoerige bespreking van faktore waarmee beplanners by universiteite vandag rekening moet hou, kan voorkom word deur bloot te kyk na wat universiteite tans ervaar. Ek noem u enkele aspekte uit 'n werklik omvangryke reeks sake waarmee universiteite in die veranderende

omstandighede te doene kry:

- * 'n Afname in groei t.o.v. studentegetalle.
- * 'n Tendens van groeiende nasionale beplanning en koördinasie.
- * By implikasie kleiner outonomieit van die universiteit.
- * 'n Afname in kontaktyd tussen student en dosent, wat 'n invloed het op leiersrolopleiding.
- * Spanning binne die universiteit vanweë sy meritokratiese aard en die egalitaristiese druk t.o.v. gelyke geleenthede.
- * Ekonomiese afplatting gepaard met gemeenskapsaanvraag tot toelating met minder fondse.
- * Toename in jonger dosente en tydelike personeel.
- * Onsekerheid oor die funksie van die universiteit.
- * Verandering in kurrikula.
- * Verandering in onderrigmetodes.
- * Spesiale pogings om onderrig van leerkragte, oud en nuut, te verbeter.
- * Kompetisie om studente tussen universiteite.
- * Krimpemde salarisse en voordele in verhouding tot ander professies.
- * Afnemende rol van akademici in besluitneming.
- * Toenemende magverplasing na administratiewe amptenare vanweë die finansiële druk en eise ten opsigte van verantwoording oor besteding.
- * Spanning tussen die akademiese en administratiewe komponent.
- * Groter kundigheid op administratiewe en bestuursvlak by die permanente administratiewe span as by roterende akademiese hoofde.
- * Vermenigvuldiging van die administratiewe komponent.
- * Verandering in die doelwitte en strukture van die kliënte van tersiêre opvoeding.
- * Onsekerheid oor die akademie se rol.
- * Hoëropvoedingsbeleid omgeskakel in befondsingsformules.
- * Deurlopende laterale (tussen universiteite) en vertikale (universiteite met owerhede) skakeling.

Bogenoemde lys is saamgestel uit 'n boekie, gepubliseer in 1976, deur die International Council for Educational Development en geskryf deur Barbara Burn. Dit is nodig om daarop te let dat die skryfster haar waar-

nemings grond op 'n seminaar wat in 1975 te Aspen in Colorado plaasgevind het en wat gehandel het oor "Higher Education and the Current Crises".

Wat universiteite in Suid-Afrika vandag beleef, stem so nou ooreen met wat dertien jaar gelede in 'n ander land ervaar is, dat dit net sowel 'n greep uit die verslag van die Hoofkomitee van die Komitee van Universiteitshoofde se ondersoek na makro-aspekte van die universiteitswese binne tersiêre onderwysverband kan wees (KUH-verslag, 1987.) Let maar op hoofskrifte wat in daardie verslag voorkom:

- * Outonomie — Beperking
- * Elitisme — Egalitarisme
- * Korporasie — Gemeenskap
- * Die finansiële druk waaronder die universiteit verkeer
- * Die universiteit in 'n veranderende rol
- * Toeganklikheid

Die invloed van bogenoemde faktore word reeds deeglik aan die lyf gevoel deur die plaaslike universiteite. So byvoorbeeld skryf die Hoofdirekteur Beplanning en Inligting van hierdie universiteit hieroor aan sy personeel in 1988 en sê:

"Sedertdien het 'n totale verandering ten opsigte van die filosofie van staats- en universiteitsbegrotings ingesluip".

Verdere uitbreiding op hierdie onderwerp is onnodig. Bogenoemde toon voldoende aan dat die universiteit 'n fase van herbesinning en herstrukturering beleef. As algemene gebruiksterm hiervoor dien die woord "rasionalisasie". Rasionalisasie in die RSA is ook nie net tot die universiteitswese beperk nie. Dit is egter die wyse waarop die vak wat aan die universiteit aangebied word, hierdeur geraak word en wat die fokus van hierdie rede is.

2.1 Reaksie in Suid-Afrika

In die vorige paragraaf is reeds geïmpliseer dat die universiteite in die RSA dieselfde ervaar as dié in die buiteland. Die werklike reaksie van die universiteite op die veranderinge word in 'n reeks verslae wat 'n Nasionale Opvoedingsbeleid daarstel, weerspieël. Hierdie verslae staan algemeen bekend as die SANSO-verslae. (Vanaf SANSO-116 word die

term NASOP-116 aangetref, verwysende na Nasionale Opvoedingsbeleid).

2.2.1 *Riglyne van die SANSO-verslae*

Die SANSO-verslae verskaf die riglyne vir die rasionalisasieproses waarmee universiteite gekonfronteer word. Twee van hierdie verslae verwys na die akademiese inhoude wat aan die universiteit gekoppel word, en wel SANSO-003 en SANSO-116 (Departement Nasionale Opvoeding 1983, 1986).

In eersgenoemde dokument, SANSO-003 word die vakinhoude in kategorieë geklassifiseer, die sogenaamde Klassifikasie van Opvoedkundige Vakinhoude of KOV-kategorieë. Die inhoude wat onder KOV-kategorie 19 gevind word, by name Liggaamlike Opvoedkunde, is verrassend. Die samesteller daarvan kan egter nie verkwalik word dat die vakinhoude by plasing daarvan reeds verouderd was en op 'n stadium in die vak in Suid-Afrika se bestaan gekom het wat 'n finale fase van afsluiting was nie. Wat belangrik is, is dat wat geplaas is, nou vir toekomstige besluitneming formeel in die belangrikste riglyne vir die universiteitswese opgeneem is.

Die rede waarom die verandering en heroriëntering wat Menslike Bewegingskunde ondergaan het, nie in die 003-dokument opgeneem is nie, is omdat die doel van die dokument en wat van regeringsweë met die dokument beoog is, nie algemeen bekend was nie. Eers nadat die dokument verskyn het, kon deur vakkundiges geoordeel word of dit die ware toedrag van sake skets. Op die tydstip dat SANSO-003 sy ontstaan gehad het, het departementshoofde van die Departemente Liggaamlike Opvoedkunde (die benaming in daardie stadium) reeds verskeie byeenkomste deur bemiddeling van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Liggaamlike Opvoedkunde en Rekreasie bygewoon met die oog op 'n naamsverandering van die vak en 'n herstrukturering van die vakinhoudelike komponente. Dit is tans bekend dat elkeen van die tien departemente wat in 1986 aan universiteite bestaan het, 'n naamsverandering na Menslike Bewegingskunde ondergaan het. Ook die twee nuwes wat sedertdien tot stand gekom het, het dié voorbeeld gevolg.

Met die inhoude soos in SANSO-003 opgeneem, is dit nie verrassend dat SANSO-116, 'n opvolgende verslag wat in 1986 verskyn en handel oor 'n "Kwalifikasiestruktuur vir Universiteite in Suid-Afrika", geen vak-

inhoude met betrekking tot Menslike Bewegingskunde insluit nie. Gelukkig is dit so dat SANSO-116 nie rigiede reëls bevat nie. Daar word gestel dat “die owerheid en die universiteite konsensus (moet) bereik oor breë filosofiese uitgangspunte ten opsigte van ... die inhoud van universiteitstudie” (SANSO, 116:2), en “... dit (is) nie die taak van die owerheid om op universiteitsvlak te kurrikulêr nie”. Dit is dan so dat hierdie laasgenoemde verslag (SANSO-116) ’n uitvloeisel is van die bestudering van SANSO-115 deur die Komitee van Universiteitshoofde (SANSO-116:iii) met die oog op seleksie van inhoude uit die KOV-kategorieë in SANSO-003. Die besluit deur universiteitshoofde self om geen inhoude van Liggaamlike Opvoedkunde onder die konteksmatig basiese vakinhoude op te neem nie, moet ons aanvaar is beïnvloed deur die in daardie stadium werklik verouderde inhoude van Verslag SANSO-003 waarin selfs bestuurstegnieke (verwysend na motorbestuurvaardighede) verskyn. Die vakinhoude wat ten opsigte van Liggaamlike Opvoedkunde in SANSO-003 opgeneem is, herinner ook sterk aan die Engelse model — ’n land waar onderrig op die tersiêre vlak swak bekend is met die vak op universiteitsvlak en die benadering grootliks verskil van die eie gevestigde opleidingsmodel en dié in ander Europese lande en die VSA.

• Dat wel in die SANSO-verslag (SANSO-116:117) aangetoon word dat die KOV-kategorieë ’n subjektiewe rangskikking is en dat daar geen verband tussen die benamings vir die verskillende kategorieë en onderverdelings en die benamings van die onderrigaanbiedinge van universiteite bestaan nie, word wel raak gelees. So ook dat dieselfde dokument ruimte laat vir wysiging (SANSO-116:5) en dat die indeling van vakinhoude in basiese en konteksmatig basiese groepe in ’n mate tyd- en plekgebonde is, en ook dat die grense wat tussen kategorieë getrek word, met verloop van tyd kan verander. Die vraag is egter of hierdie feite in die toekoms altyd deur besluitnemers en subsidietoeders voor oë gehou sal word.

Bogenoemde skets een van die fasette van die raamwerk waarbinne Menslike Bewegingskunde tans opereer. Die vak vorm nie deel van die beleidsdokument wat handel oor die kwalifikasiestruktuur vir universiteite in Suid-Afrika nie.

Die universiteitswese in die RSA het reeds op die SANSO-riglyne begin reageer. Die Komitee van Universiteitshoofde het reeds ’n ondersoek na makro-aspekte van die universiteitswese voltooi (KOH,

Desember 1987), en dit is interessant om die gevolgtrekkings waartoe hierdie verslag kom, te vergelyk met Verslag NASOP 02-129 (NASOP 02-129, Oktober 1987). Hierdie laasgenoemde verslag, as deel van die Nasionale Opvoedingsbeleid, neem akademiese standaarde by universiteite onder die loep. Die Superintendent-Generaal versoek, namens die Minister van Onderwys en Kultuur, in die brief wat hierdie verslag begelei, dat universiteite "... dit (die verslag) ernstig sal oorweeg, in besonder die implementering van die aanbevelings ...” (Superintendent-Generaal, 1988). Die aanbevelings wat ter sprake is, volg dié van die ondersoek deur die KUH baie getrou, byvoorbeeld:

Die Hoofkomitee van die KUH-ondersoek oordeel dat rasionalisasie ten opsigte van onderrig binne universiteite self behoort plaas te vind (die PU vir CHO het hierdie fase reeds afgehandel), maar ook dat op nasionale en regionale vlak "... nie alle departemente oor die breë spektrum en tot op die hoogste vlak opleiding kan verskaf nie” (KUH, 1987:123). Hierteenoor vra die NASOP-verslag in artikel 9.6(i) dat die Komitee vir Universiteitshoofde riglyne moet opstel "... wat gebruik kan word vir die evaluering van nuwe en bestaande akademiese programme tot en met die magister- en doktorsgraadvlak en vir die evaluering van akademiese departemente”. Die riglyne moet ook voorsiening maak "... vir interne evaluering en vir eksterne evaluering deur middel van portuurevaluering” (NASOP 02-129, 1987:82; kyk ook art. 9.3(ii), 9.4).

Die kwaliteit van akademiese universiteitspersoneel word as van die hoogste belang beskou. Personeelevaluering, personeelontwikkeling, doeltreffende kurrikulering, eksterne eksaminering en internasionale wetenskaplike kontak word in die ondersoek van die KUH as van deurslaggewende belang beskou (KUH, 1987:126). In ooreenstemming hiermee die versoek aan rade en senate van universiteite in die NASOP-verslag (art. 9.3(iv) p.80, kyk ook 9.4(i) en 9.5) dat “meganismes vir die verbetering van die gehalte van dienende en nuwe akademiese personeel” ingestel en gehandhaaf word en dat sulke meganismes “gesonde en gereelde personeelevalueringsprosedures” moet insluit. (Die akademiese kwalifikasies wat tradisioneel aan universiteitsposte gekoppel is, is sekerlik hier ter sprake, maar waarskynlik meer as dit. So ’n opstapeling van bekwaamheidsvereistes sal die vraag na vergoeding onvermydelik laat opduik. Dit kom dan wel in die verslae ter sprake. Die Komitee van Universiteitshoofde beveel aan dat op die hoogste vlak oor salarisse onderhandel word, en die NASOP-verslag meld dat rade en senate ’n besoldigingsbeleid moet volg wat op meriete gebaseer is

en uitmuntendheid daadwerklik beloon (KUH, 1987:126; NASOP, 1987:81, art. 9.3(v)).

Bogenoemde voorbeelde om die parallelle lyn tussen die twee verslae aan te toon behoort genoegsaam te wees om te illustreer dat departemente intern sekere wysigings moet verwag en self teweeg sal moet bring. Hoe word Menslike Bewegingskunde deur die herstrukturering en wysigings wat op hande is, geraak, en hoe behoort daarop reageer te word?

3 TENDENSE IN MENSLIKE BEWEGINGSKUNDE

In die voorgaande is getoon hoe die universiteitswese nie net binnelands nie maar ook buitelands verandering beleef en ooreenstemmende tendense in reaksie daarop toon. Daar kan verwag word dat daar soortgelyke reaksie tussen binne- en buitelandse vakdepartemente gevind sal word.

3.1 'n Buitelandse perspektief op Menslike Bewegingskunde

Die opleiding van kundiges in die veld van Menslike Bewegingskunde, en by name onderwysers en afrigters, sal volgens Massengale (1987:7) beslis beïnvloed word deur die huidige vredestrydse fiksheidsbeweging wat tans, nie net in die VSA nie maar wêreldwyd, ervaar word. Sage (1987:10) wys daarop dat die sewentigerjare begin het met persoonlike fiksheid as byna onbekend by Amerikaanse burgerlikes en geëindig het met fiksheid as 'n doel by ontspanningsbedrywighede, werknemersprogramme en in persoonlike lewenstyl. 'n Passie vir sportbedrywighede is aan die opbloeï (ibid). Hierdie fiksheidsbewustheid is volgens Massengale (1987:7) die grootste van sy soort wat ooit ervaar is en nie 'n verbygaande gier nie. Dieselfde skrywer (Massengale, 1987:7) praat ook van 'n rekreasierevolusie wat gesteun word deur sake-instansies, industrieë, die staat self en selfs geloofs- of kerklike organisasies. Menslike Bewegingskunde het 'n sake-onderneming geword, en Massengale (ibid) wys op die ekonomiese effek wat dit op verskeie gebiede soos byvoorbeeld die mediese wêreld, advertensiewêreld, kleredrag en bestedingspatrone het.

Beide Massengale (1987:7) en Sage (1987:10) verwys ook na die paramediese aspek van die nuwe beweging. Steun vanuit die

sakewêreld vir paramediese instansies groei, en daar is die toenemende besef dat gesondheidsprogramme die sleutel tot 'n beperking van mediese koste inhou.

Die bewustheid aangaande die mediese voordele wat 'n gesonde lewenswyse inhou, hou waarskynlik weer verband met die toenemende belangstelling in en oorskaduwing van spansport deur individuele sport, soos Sage (1987:12) waarneem. Die skrywer noem as belangrikste voorbeelde aerobiese aktiwiteite, wateraktiwiteite, weerstandsoefeninge (gewigteoefeninge), selfverdedigingsaktiwiteite en wat hy noem, wildernisaktiwiteite soos voetslaan en bergklim. Ook gekommersialiseerde gesondheidsklinieke en spa's sal toenemend die lig sien (Sage, 1987:12).

Massengale (1987:7) skryf die verskyning van sportbestuur in graadopleidingskursusse toe aan die samewerkingsgesindhede wat in opvoedkundige kringe heers en het gedeeltelik in hierdie opsig gelyk, maar die eise wat die praktyk aan die "besigheid" van Menslike Bewegingskunde soos hierbo geskets stel, het waarskynlik meer daarmee te make.

Dit gee weer logieserwys aanleiding daartoe dat Sage (1987:13) 'n verskuiwing vanaf opleiding met die oog op die onderwys, na opleiding vir 'n verskeidenheid ander beroepsmoontlikhede voorsien. 'n Toename in poste wat verband hou met gesondheid, fiksheid en sport, word daarom in die vooruitsig gestel.

Die klemverskuiwings wat so pas geskets is, is 'n geleidelike proses en het sonder voorafberekening reeds 'n uitwerking op personeel aan universiteite gehad. Spesialiste uit ander vakgroepe het op die betrokke terrein inbeweeg, en sportpsigoloë, sportsosioloë, oefenфизиoloë, kurrikulumspesialiste ens. word in die departemente Menslike Bewegingskunde in die VSA aangetref (Sage, 1987:14). Die vak beleef 'n diversifikasie en selfs fragmentasie in sommige se oë. Safrit (1987:44) meen dat die era waarin die vak die enkel missie van onderwysersopleiding gehad het, verby is. Die uitdaging is om die subdissiplines van nuuts af korrek te interpreteer en 'n sintese te vind. Dat dosente in die vak kundiges op al die subdissiplines in die vakgebiede is, is al minder die geval. 'n Vakgebiedgerigte spesialisasie het na vore getree en soos wat jonger dosente met so 'n gespesialiseerde opleiding (selfs met nagraadse opleiding in 'n ander (hulp)vak) aangestel word, groei hierdie dissiplinegerigte benadering. Departemente wat hierby baat, ervaar

'n vernuwing, vitaliteit en optimisme en sal volgens Sage (1987:20) die leiers teen die aanvang van die volgende eeu wees.

Bressan (1987) roer dieselfde saak vanuit 'n heel ander hoek aan en het dit oor "scholarship" en pleit daarvoor dat in die vak daarna gestreef moet word. Volgens Bressan is "scholarship" die gesofistikeerde vorm van ondersoek wat vra na die fundamentele onderbou waarop aannames berus. Dit is hierdie hoogste vorm van kundigheid wat na haar mening die "gesondheid" van 'n dissipline bepaal (p. 25). Sy pleit dan dat op voorgraadse vlak meer aandag aan die filosofiese aspek gegee word. Volgens Bressan (p. 32) bevind die vak hom in 'n ontwikkelingsfase van voorkonsensus. Hierop ontwikkel dan uiteenlopende denkrigtinge wat nodig is om te kan lei tot uiteindelijke saamvloeiende denke en 'n nuwe paradigma aangaande Menslike Bewegingskunde. Eers dan is die voorkonsensusfase agtergelaat. Bressan (p.33) reken dat een uiters nodige aspek om tot werklik geleerde denke en navorsing te kom, is om 'n holistiese benadering te volg. 'n Aspek daarvan is om die dualisme tussen liggaam en siel eens en altyd af te skud.

Nog enkele sake:

Die wêreldtendens in ontwikkelde lande waar 'n toename in ouer persone voorsien word, word ook deur Sage (1987:10) aangeroei. Dit hou die eis in dat die klem in opleidingsprogramme verskuif sal moet word met die oog op die bevordering van gesindhede rondom deelname aan fisieke bedrywighede tot op 'n hoë leeftyd (Sage, 1987:12).

Wat studentegetalle betref, voorsien Sage (1987:12) 'n toename in die getal vroulike studente. 'n Verdere waarneming is dat kurrikula en onderrigstelsels aangepas sal moet word vir studente wat ouer is as dié waaraan ons gewoon is en dan ook vir 'n baie groter aantal deeltydse studente. Die oorsese neiging is 'n afname in die getalle van die tradisionele 18 tot 24-jarige student.

'n Oorsig soos hierdie sou onvolledig wees sonder 'n verwysing na die naamsverandering wat die vak die wêreld oor ondergaan het. Sage (p.16) merk op dat "physical training" reeds vroeg moes plek maak vir "physical education", as erkenning van die meer moderne opvoedkundige filosofie en metode waartoe gekom is. Hy voorsien dat die term Liggaamlike Opvoedkunde teen die jaar 2000 beperk sal wees tot die basiese, voorprofessionele opleiding vir die onderwysberoep.

Die laaste twee aspekte onder die buitelandse tendense waarop gewys moet word alvorens aan die vak by hierdie universiteit aandag gegee word, is die volgende:

Tradisioneel was dosente in Liggaamlike Opvoedkunde by universiteite gekoppel aan (of met) sportafrigting. Sage (1987:17) merk op dat dit al minder die geval is, aangesien die gespesialiseerde kennis wat op akademiese en op sportgebied vereis word, dit eenvoudig nie meer moontlik maak om albei rolle suksesvol te vul nie. Die tendens is daarom aparte strukture waar veral een baie duidelik die bou en uitdra van die beeld van die instansie waaraan dit verbonde is, as funksie verkry.

'n Verdere tendens wat voorsien word (Sage, 1987:18), is dat monitering van die gehalte van opleiding 'n belangrike faset by Menslike Bewegingskunde sal word. Daarop volg onvermydelik akkrediteringsprosedure waarvolgens inrigtings toegelaat sal word om opleiding in die vak aan te bied.

3.2 'n Eie perspektief

Tot hiertoe is probeer om u insae in die "omgewing" waarin die vak in die algemeen homself bevind, te gee. Toekomstperspektiewe in die breë, maar steeds soos dit die universiteit raak, is geskets; sienings oor die vak self en riglyne vir universiteite in die RSA is baie kortliks deurgegee. Aan die hand daarvan dan enkele gedagtes oor hoe hierdie sake tans by Menslike Bewegingskunde hanteer word en hoe voorsien word dat in die toekoms gehandel kan word.

3.2.1 Vakstruktuur

Wanneer departemente aan universiteite in die RSA oor vakstruktuur besin, moet as riglyn steeds geld dat die primêre onderrigdoel van akademiese vakkundigheid nie opgeoffer mag word aan die opleidingsdoel van parate taakvaardigheid nie (KUH, 1987:4). Die indiensnemingsmoontlikhede wat op die gebied van Menslike Bewegingskunde ontstaan en waarop hierbo gewys is, kan dus nie as enigste norm geld by die instelling van nuwe kursusse en vakinhoud nie. Daar sal primêr vanuit die universiteit se poging om nuwe wetenskaplike kennis te bekom en die wetenskaplike kennis deur onderrig en studie toe te eien (KUH, 1987:3) gevra moet word na die plek van nuwe vakke en -inhoud van leerprogramme aan die universiteit.

Dit is daarom heel korrek dat Putter (1988), wanneer hy Sportwetenskap as 'n akademiese dissipline ondersoek, allereers nagaan of dit aan die eise wat vir 'n ware wetenskap gestel word, voldoen. Hy kom tot 'n positiewe gevolgtrekking, dog alvorens vakinhoudelike, vakwetenskaplike terreine en werksterreine van opgeleide sportwetenskaplikes nie deeglik afgebaken is nie, alvorens die behoefte na opgeleides nie ondersoek is en duidelik blyk nie, en alvorens die ekonomiese klimaat — veral aan universiteite — nie verbeter het nie, meen Putter dat die instelling van so 'n vak nie moontlik is nie.

Aan hierdie universiteit is die moontlikheid vir so 'n ontwikkeling reeds lank voorsien danksy die visie van die vorige departementshoof. Sportkunde as graadvak op die eerste vlak word reeds geruime tyd binne die Departement Menslike Bewegingskunde aangebied

Dit is aan u almal bekend dat Rekreasiekunde nou as tweejarige hoofvak, vir die BA-graad met volwaardige nagraadse status aan die PU vir CHO aangebied word. Ook hierin akkommodeer hierdie universiteit reeds behoeftes wat hierbo vir u geëien is. Weer eens is dit uit Menslike Bewegingskunde dat hierdie vak moes groei om nou 'n eie weg te loop.

Op nagraadse vlak word Biokinetika hier as 'n gespesialiseerde Honneursrigting aangebied, met die moontlikheid van registrasie by die Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheekkundige Raad; dit, indien opleiding aan 'n geakkrediteerde inrigting voltooi is en die nodige praktiese ervaring aan 'n goedgekeurde instituut oor 'n tydperk van drie jaar voltooi is. Putter (1988:6) merk op dat hierdie vakgebied (hy noem dit Oefenkunde) ook neig om 'n eie rigting in te slaan. Dit het tewens reeds 'n eie nasionale vakvereniging met as president prof. G.L. Strydom verbonde aan die Departement Menslike Bewegingskunde van hierdie universiteit.

Met reg kan dan nou gevra word: Wat word van Menslike Bewegingskunde? Putter (1988:6, 7) antwoord ook hierop en stel dat Menslike Bewegingskunde 'n koepelnaam word met Bewegingskunde (met 'n eie wetenskaplike kennisgebied) as vierde been. Wat so pas gesê is, lei tot die gevolgtrekking dat die toenemende vakgebiedgerigte spesialisasie waarop Sage wys, die eie Suid-Afrikaanse insigte soos reeds gedeeltelik aan hierdie universiteit verweselik, die reeds bestaande gemeenskapsbehoefes ten opsigte van opvoeding, sport, ont-

spanning en oefenaktiwiteite onteenseglik in die rigting van 'n bewegingskundige kwartet wys.

Binne die raamwerk van rasionalisasie is daar vir departemente Menslike Bewegingskunde verskillende keuses te maak. Die aanvoeling is dat die daarstel van nuwe vakke (en selfs 'n fakulteit om die vakke te akkommodeer) nie goedkeuring sal kry nie. Die rigtingwysers is egter so duidelik dat 'n weg binne die grense wat geskep is, gevind sal moet word. Universiteite kan ooreenkom om in opleiding te diversifiseer sodat, hoewel die naam Menslike Bewegingskunde behou word, die inhoud lei tot sentra vir uitmuntendheid (kyk NASOP, 1987:85), afgestem op die een of ander van die vier bewegingskundige kennisgebiede.

'n Alternatief is dat departemente Menslike Bewegingskunde hulle intern organiseer in subdepartement met inhoudskeuses wat deur die student gemaak word. Personeelbesnoeiings maak so 'n alternatief prakties moeilik toepasbaar.

'n Derde alternatief is om basiese vakinhoud wat hoort op die vlak van die eerste graad te identifiseer en dit by universiteite deurgaans só aan te bied dat eers op nagraadse vlak gespesialiseer word en sentra vir uitnemendheid so gevestig word. Dit sluit die naaste aan by die huidige model.

Wat duidelik is, is dat daar steeds 'n noodigheid vir departemente Menslike Bewegingskunde is om saam gesprek te voer. Die plek daarvoor is die vakvereniging, en in die geval van Menslike Bewegingskunde het die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Sportwetenskap, Liggaamlike Opvoedkunde en Rekreasie reeds so 'n forum gebied en word dit nog steeds gedoen by die belangegroep departementshoofde.

3.2.2 Die vakvereniging

Dit mag vir sommige verrassend wees dat in 'n gesprek oor 'n universiteitsvak tyd aan 'n buitestruktuur soos 'n vakvereniging afgestaan word. Rasionalisasie, hoewel nêrens in enige dokument voorsien nie, maak die vakvereniging 'n noodsaaklikheid vir die goeie funksionering van die vak.

Die SANOP 02-129-versoeke wat deur rade en senate geïmplementeer moet word, sal byvoorbeeld uiteindelik afwentel tot aanbevelings wat

deur akademiese departemente self verskaf moet word (Kyk SANOP 02-129:80-82). Dit raak aspekte soos interne en eksterne evaluering, evaluering van magister- en doktorsgraadprogramme, evaluasies van akademiese departemente aangaande die gehalte van hulle onderrig- en navorsingspersoneel, die programme self en ook hul gemeenskapsdiensprogramme, akademiese standaarde tussen instellings en evaluering deur middel van portuurevaluering.

Verskeie van die genoemde fasette is nie staties nie en sal op die vlak van die vak self herhaalde evaluering vra. Die vakvereniging bied 'n deurlopende gespreksforum, en die lewenskragtigheid van die vakvereniging sal die goeie verloop van die vakgebeure tussen universiteite help bepaal. Dit bied ook 'n struktuur waarin byvoorbeeld evaluering-agente soos redaksies van navorsingstydskrifte en akkrediteringskomitees gehuisves kan word.

Menslike Bewegingskunde bevind hom in die gelukkige posisie dat die Suid-Afrikaanse-Vereniging vir Sportwetenskap, Liggaamlike Opvoedkunde en Rekreasie die forum bied vir velerlei aspekte wat reeds indirek by die Nasionale Opvoedingsbeleid se riglyne aansluit. So, as voorbeeld, verleen die status wat die vakvereniging het, luister aan eretoekenings wat vakwetenskaplikes via die vakvereniging van portuurgroepe ontvang het, help reël dit kontak met buitelandse wetenskaplikes en gee dit geleentheid vir voordragte deur die aanbidding van kongresse, simposiums en seminare. Ek het ook reeds gewys op die voordeel wat dit vir die besinning oor vakinhoudelike rasionalisasie vir departementshoofde van Menslike Bewegingskunde inhou en al gebied het.

3.2.3 Beroepsgerigte graad?

Een van die aspekte wat deur die belangegroep van departementshoofde Menslike Bewegingskunde bespreek sal moéf word, is die posisie waarin die vak hom binne die riglyne met betrekking tot basiese en kontekstmatige basiese vakinhoud bevind. Wanneer die kredietpuntbepalings van SANSO-116 (p.6–9) nagegaan word, word gesien dat dit volgens hierdie reëls, vir 'n vak wat uit die lys weggelaat is, uiters moeilik word om binne die kurrikulum van algemeen-vormende grade ingebou te word. Wat wel moontlik is, is om na 'n beroepsgerigte graad te beweeg. In so 'n geval sal die wiel dan sy sirkel voltooi het en is die vak weer terug by die eertydse B.P.Ed.-graad.

Dit is nie wenslik nie. Eerder sou 'n mens wil sien dat die vakinhoude van SANSO-003 reggestel word en gevra word dat die gedeeltes wat dáár tuis behoort, in SANSO-116 opgeneem word. Hierdie saak verdien dringende aandag.

5 TEN SLOTTE

Die voorgaande het begroning en motivering gebied vir die rigting waarin Menslike Bewegingskunde beweeg en vir sommige veranderinge waarop die vak hom voorberei. Hoe hierdie taak aan die PU vir CHO hanteer word, word ten diepste geraak deur die lewens- en wêreldbeskouing van die vakbeoefenaars.

Dit is daarom vir die Departement belangrik dat die mensbeskouing en die lewe- en wêreldbeskouing wat by die Departement Menslike Bewegingskunde gehandhaaf word, Skrifmatig is. Van besondere belang is dat die mens, lewende siel, 'n eenheid is. Juis hierom kon daar nie met Liggaamlike Opvoedkunde as vakbenaming in vrede geleef word nie. Dan liever na die kenobjek van die vak soek en herbenoem. Ook die opleiding van die studente in die lewensbeskoulike perspektiewe word so hoog geag dat in die gerasionaliseerde pakkette wat vanaf 1989 gevolg word, die wetenskapsleer in die eie vakinhoudelike ingebou is en dat 'n semesterkursus in Filosofie of Etiek by daardie departement vereis word.

Dit het hopelik uit die redevoering geblyk dat Menslike Bewegingskunde aan die PU vir CHO deurgaans tred gehou het met toekomstendense en dit korrek geantisipeer het. Hopelik ook dat leiding ten opsigte van die vakverband in die breë baie sterk vanuit hierdie departement na vore gekom het. Daarom dat u my dit sal vergun om hier erkenning te gee aan professor Wynand Putter, die vorige departementshoof van Departement Menslike Bewegingskunde van die PU vir CHO. Ek doen dit namens sy oudstudiante en huidige studente, kollegas en kollegas oudstudiante, departementshoofde en direkteure aan onderwyskolleges, universiteite en onderwysdepartemente — sonder enige vrees vir enige teësprak. In die woorde van ons rektor: Dit was, nee is, steeds verankerde voorposdenke.

Dog as die arbeid wat in hierdie departement gedoen word, maar net gekroon kan word soos die klokkes aan die perdetuie op die dag waarvan Sagaria (Sag., 14:20) skryf: "Gewy aan die Here", dan is ons beker vol.

BIBLIOGRAFIE

- BRESSAN, E.S. 1987. The future of scholarship in Physical Education. (*In* Massengale, J.D., red. Trends toward the future in Physical Education. Champaign, Ill. : Human Kinetics. p. 25–36.)
- BURN, B. 1976. Higher education in a changing world: reflections on an international seminar. New York, N.Y. : International Council for Educational Development, 47 p.
- DE KLERK, R.I. 1986. Die bydrae van enkele liggaamlike opvoedkundiges tot die ontwikkeling van die vak in Suid-Afrika vanaf die begin van die twintigste eeu. Potchefstroom. 582 p. (Proefskrif (D.Ed.) — PU vir CHO.)
- DEPARTEMENT VAN NASIONALE OPVOEDING. 1983. Klassifikasie van Opvoedkundige Vakinhoude (SANSO-003). Pretoria.
- DEPARTEMENT VAN NASIONALE OPVOEDING. 1986. Kwalifikasie-struktuur vir Universiteit in Suid-Afrika (SANSO-116). Pretoria.
- DEPARTEMENT VAN NASIONALE OPVOEDING. 1987. Akademiese standaarde by universiteite in die RSA (NASOP 02-129 87/10). Pretoria.
- DU PLESSIS, J.S. 1977. Voorgeskiedenis van die Departement Liggaamlike Opvoedkunde: 1935–1950. Potchefstroom : PU vir CHO. 11 p.
- KOMITEE VAN UNIVERSITEITSHOOFDE. 1987. Makro-aspekte van die universiteitswese binne tersiêre onderwysverband in die RSA. Verslag van die Hoofkomitee van die KUH-ondersoek. Pretoria : KUH. 135 p.
- KUH — kyk Komitee van Universiteitshoofde.
- MASSENGALE, J.D., red. 1987. Trends toward the future in Physical Education. Champaign, Ill. : Human Kinetics. 190 p.
- MASSENGALE, J.D. 1987. Considering the future in Physical Education. Champaign, Ill. : Human Kinetics. p. 1–8.)
- NASOP — kyk Departement van Nasionale Opvoeding.
- PUTTER, W.J. 1988. Sportwetenskap as 'n akademiese dissipline. Voordrag gelewer by die Internasionale Simposium oor Navorsing in Sportwetenskap, Bewegingsopvoedkunde, Rekreasiekunde en Toerisme en Oefenkunde, 29 Junie – 1 Julie, 1988 te Klerksdorp.
- SAFRIT, Margaret J. 1987. The future of university women in Physical Education. (*In* Masengale, J.D., Trends toward the future in Physical Education. Champaign, Ill. : Human Kinetics. p. 37–50.)
- SAGE, G.H. 1987. The future and the profession of Physical Education. (*In* Masengale, J.D., Trends toward the future in Physical Education. Champaign, Ill. : Human Kinetics. p. 9–24.)
- SANSO — kyk Departement van Nasionale Opvoeding.
- VAN DALEN, D.B. & BENNETT, B.L. 1971. A world history of Physical

Education; cultural, philosophical, comparative. Englewood Cliffs : Prentice Hall. 694 p.

VAN DER WALT, T.S.P. 1984. Liggaamlike Opvoedkunde: vreemde term-kombinasie en dualisties by implikasie. Voordrag gelewer by die Tweejaarlikse Nasionale Kongres van SAVSLOR, 3–5 Oktober, 1984. Pretoria : SAVSLOR.